# Tafnuus: Mei 2025

**Beste Tafelberg-Fotografieklub**

**Dankie aan elkeen vir jul deelname die laaste maand!**Ons verwelkom graag vanaf Junie maand nuwe lede van oa. Paarl fotografie klub by ons, Paarl klub sluit die einde van Junie, ons vra dus dat jul op Photovault Tafklub as jul hoofklub aandui asb. Hoop Tafklub is vir jul 'n aangename leersame tuiste waar jul kan groei en deelneem. Dankie dat jul ons in Mei besoek het , woon gerus ons Zoom, uitstappies en kamp wegnaweek by!

**<u>Uitstappie Weskus nationale park</u>** : Ons oorslaap fotografie ervaring by die Weskus Nationale Park waar ons proefkonyne was vir hul nuwe inisiatiewe, was 'n heerlike voorreg en baie geslaagd. Die ere veldwagters het ons op die hande gedra en ons het vele spesiale foto geleenthede beleef. Baie dankie aan Ohna, Neliza, Adriaan en Karen vir al jul reelings. Ohna Nel (ohna.nel@gmail.com) versoek dat ons nog fotos stuur. Sanparke se hoofkantoor benodig fotos vir hul publikasie wat ook oorsee verskyn. Daar word erkenning aan die fotograaf gegee.

**1.WEN-FOTO'S van Mei 2025- KATEGORIE – Mono, beoordelaar Niel Goslett:**

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Checking in: Christo Gillomee**<br>**Wenner: Vaste kategorie mono** | **Sky high: Anre Uys**<br>**Wenner: Junior wenner** |

| | |
|---|---|
| | |
|  |  |
| **Cats of Istanbul: Andre de Koker**<br>**Wenner: Ope Kategorie** | **Autum colours reflection: Johan Beyers**<br>**2de Ope kategorie** |
|  | **Jaguar: Frank Smith**<br>**2de Vaste Kategorie** |
| | |

**Baie geluk aan die Mei Maand kompetisie wenners en elkeen wie deelgeneem het!!!!**
Ons het 'n 100 inskrywings ontvang, dankie Niel Goslett vir jou eerlike en wel deurdagte goeie kommentaar.

## 2. Junie 2025: BYEENKOMSTE

- **Vaardigheid. 3de Junie:** Die byeenkoms sal slegs geZoom word om 19h00.
- **Fransoinette Swart is ons Vaardigheids aand aanbieder.** Baie dankie vir haar bereidwilligheid om haar kuns kennis met ons te deel, sy is die hoof van die Tygerberg kuns skool. Onderwerp is: Stillewe in outydse kuns, wat ook ons Julie tema is.
- Die maand se klubkompetisie is die **17de Junie.** Sluitingsdatum vir inskrywings is die **11de Junie**. Die byeenkoms sal slegs geZoom word om 19h00.
- **Tema: Perspektief: is die grafiese voorstelling van drie dimensionele voorwerpe en diepte verhoudings op 'n tweedimensionele (plat) vlak.** Vlg Wikipedia. Belangrik mag manipuleer, nie ouer as twee jaar. Kyk gerus op Pinterest ens. vir idees.
- **Francois Roux is ons beoodelaar**: Hy is al vir meer as 40 jaar lid van PSSA. Hy beoordeel op die Honours paneel, en is baie betrokke by die JAP kurses wat nuwe beoordelaars oplei. Dis 'n voorreg om hom as beoordelaar en kommentator op ons inskrywings in Junie te verwelkom!

- **Uitstappie: Saterdag oggend die 14de Junie.** Na World of Birds in Houtbaai.Ons wil ook graag Martin Osner se kuns gallery daarna besoek; binne 5min se ry vanaf World of birds.

# 3. KLUB PRESTASIES:

## 3.1 Uitslae van PSSA Salonne (vir 2024-2025 Impala jaar):

- Die syfers aan die begin van kolom is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het. Dankie aan elkeen wie ingeskryf het. **Baie geluk aan die onderstaande TAFklub lede!!! Ons mikpunt vir 2025 is om weer onder die top 10 klubs op die Impala lys te eindig ons is tans 6de op die Klub posisie lys; slegs 3 punte voor Kaapstad en 10 salon punte agter Magalies foto klub. Skryf asb in vir die orige 3 salonne, veral ons eie TAF klub salon met oa. prints en die 'Up and Coming' jeug salon vir ons Juniors. Kom ons eindig sterk!!! Baie dankie!!**

| Naam | Hillcrest salon | Paarl salon | MFFC salon |
|---|---|---|---|
| Neels Beyers | 1 | 2 | 3 |
| Mike Barkhuysen | 3 | 2 | |
| Andre de Koker | 1 | | 2 |
| Phillip de Lange | | 8 2 Merietes | 3 |
| Louise de Lange | | | 4 |
| Frank Smith | 2 | | |
| Christo Giliomee | 11 1 Meriete | 10 1 Meriete | 8 1 medalje |
| Niel Goslett | 8 | 5 | 9 |
| Quintus Heine | 5 1 Meriete | | 1 |
| Juliane van Dyk | 7 1 Meriete | 9 1 Meriete | 6 1 Meriete |
| Adriaan v Zyl | 2 | 8 1 Meriete | 4 |
| Karen v Zyl | 5 | 1 | 2 |
| Charmaine Venter | | 1 | |
| Mariana Visser | | 2 | 5 |
| Arnold van Dyk | 4 | 3 | 6 2 Meriete |
| Sonja Myburgh | | 8 1 Meriete | 10 2 Meriete |
| Marc Pentz | 1 | 2 | 2 |
| Eurica Scholtz | | | 1 1 Meriete |

**3.2.** Baie geluk aan:
Quintus Heine met sy vekiesing as voorsitter van WCPF. Sterkte en seen vir jou.

## 4. KLUB NAWEEK UITSTAPPIE 25-27 JULIE 2025 (herhaling ter wille van nuwe lede)

Hierdie jaar se Uitstappie is gebaseer op verlede jaar se baie suksesvolle uitstappie na Lambertsbaai waar beide kamp geriewe en huisies beskikbaar was.
Ons gaan na Utopia toe, wat sowat 10 km buite Swellendam, op die Bonnievale pad, gelee is. Die doelwit is om die Canola en winter onweer op sy beste te vang.
Hier is Utopia se Facebook blad waar julle kan sien hoe dit daar lyk.
https://www.facebook.com/profile.php?id=100047724648171
Moet nie bekommer oor te veel nat reën nie. 'n Groot aantrekkingskrag is die ruim lapa waar ons almal onder dak rondom 'n gesellige vuur kan saam kuier. En dan is daar ook 'n verdere groot onder dak area langs die lapa. Ons het eksklusiewe gebruik hiervan vir die naweek.
Die plaas en omgewing het ook pragtige landskappe en die Canola behoort in volle blom te wees.

**Bring saam :**
Bring asb julle eie eetgery & kampstoele vir gebruik in die lapa. Die huise se kombuis toerusting, breekware, glase ens. mag nie uit die huise geneem word nie,
Die klub dek die koste vir die huur van die lapa & 10 bondels hout.
Bring gerus nog hout saam as julle dink dis nie genoeg nie.

Bespreking vir kampering is minder dringend omdat ons nie die hele kamp plek sal kan opneem nie.
**Beprekings word deur Martie Taljaard hanteer. Kontak haar by Whatsapp +27 82 334 1657.**
Ons wil graag die admin sover moontlik beperk.
Geen voorlopige besprekings sal aanvaar word nie . Daarom sal besprekings eers bevestig word wanneer volle betaling (in die klub rekening) gemaak is. Verwysings : *Jou & van - Utopia* . Stuur asb die POP aan Martie.
Daar sal ook geen terug betalings wees vir kanselasies nie – kry gerus 'n ander klublid om in julle plek te gaan.

Die sluitingsdatum vir alle besprekings is **1 Julie 2025.**
Kontak gerus vir Theo Potgieter as julle enige navrae het.

**TAF 14th print and PDI salon; sluitings datum 14de Junie 2025.**

- Baie dankie aan Niel Goslett (salon direkteur) Quintus Heine (tesourier) en Anlie Botha (salon administrasie) vir al hul insette om ons salon suksesvol te maak. Salon brosjure is oop op PSSA webtuiste, ons sien uit na Tafklub se sterk ondersteuning en inskrywings.

Neem kennis:
Heelwat van ons komitee lede toer afsonderlik die volgende paar weke deur Suider Afrika, Malawi, Namibie, Angola ens. Reaksie tyd en teugvoer vanaf Tafklub kantoor sal dus stadiger wees. Dankie vir jul begrip.

Geniet die wintermaande waartydens ons slegs Zoom en neem steeds fotos van oa pragtige landskappe om ons af!

Vriendelike groete

Juliane van Dyk